Ons Pak die Baviaans aan

Ek het vanoggend die klub se informasie ontvang oor bogenoemde trip wat julle beplan. Dit lyk baie aantreklik en ek sal kyk of ek die een van Oktober kan maak. Ek wil graag met julle deel wat ek aangepak het op 3 Januarie in die Baviaans. Sal dit onthou so lank as wat ek leef en gaan beslis weer Desember dit doen!!

Henk, Paul, Mark en ek, vier goeie MTB vriende, het Sondag 3 Jan 2010 die Baviaanskloof gaan ry – vanaf Nuwekloof tot naby Patensie – so 145 km van die beste MTB in die land. Die volle roete loop van Willowmore tot by Jeffreysbaai – so 230km.

Ons het die vorige aand in Willowmore geslaap vir ‘n vroegoggend begin. 4-uur opgestaan om die 47 km per 4x4 te ry tot by Nuwekloof, waar ons afgelaai is teen sonop.

Dit was aanvanklik bewolk maar al reeds 25 grade toe ons begin. Later het dit baie warm geword – tot 33 grade toe ons die ergste bergpasse aanvat. Teen die anderkant af het dit hard begin reen – groot verligting. Ons kon ‘n paar keer swem om die hitte te verlig, en het ‘n second gehad wat al die pad saamgery het met ‘n Pajero – sonder hom sou ons dit nie gemaak het nie weens die hitte en veral die Sparletta Cream Soda, water en toebroodjies op die regte tyd.

Ongelooflike belewenis – ongerepte natuur, en roete uitdagend. 'n ABSOLUTE MOET vir enige MTB entoesias.

Profielkaart – ons het gery van km 25 tot km 170. Groot pas by km 130 begin by Doodsklip



Net na die begin

Van die eerste bulte

Die pad kom uit die kloof agter
– heelwat wild – koedoes, bobbejane, buffels, renosters en glo ook luiperds

Swem in die rivier by Doodsklip voor ons die grootste pas aanvat
8km lank en 500m se klim in baie warm weer!

..en bo-op by Bergplaas na ‘n uur se trap aan daai 8km!! Granny gear flat out!!

..en af aan die ander kant – geen skramreelings en vertikale afgronde

Swem onder die pas in volle mondering – helder, koue bergwater

Naby die einde

Vriendelike groete.

Philip